191.T.7 (21)

## ANTWOORD OP TOESPRAAK VAN MINISTER VAN LANDBOU

(Inwyding van Gebou vir Voedseltegnologie, ens.
Stellenbosch, 25 Jan. 1958)

I Ek voldoen graag aan die versoek van die Direkteur van die W.P. Vrugtenavorsingstasie, prof. Nel, nl. om op die toespraak van Sy Ed. die Minister van Landbou te antwoord, en om hom vir sy woorde te dank. Ek doen dit na aanleiding van vier belangrike gedagtes wat daar in die toespraak van die Minister voorgekom het.

II Die Minister het na verskeie van ons landbouprodukte verwys, en die belangrikheid daarvan vir doeleindes van voeding uitgebring.
Dit is seker gepas om by 'n geleentheid soos hierdie ons gedagtes daaroor te laat gaan. Die landbou — histories. Ons eerste bedryf. Reeds in dae van Van Riebeeck - eerste wingerdstokkies. Die eerste Vryburgers - nie groot sukses nie (Ook Batavia).
Toe volg stigting van Stellenbosch, 1679 - groot betekenis hiervan. Die begin van ons platteland. Meer sukses met boerdery - maar miskien tog ook sekere ondeugde. - Inkomstebelasting (Adam Tas en Hugenoot). Hoe dit sy: hier in Boland is die bakermat van ons boerdery; hier het ontwikkeling gekom; vanhier het invloed uitgegaan; hier is ook belangrike navorsingswerk gedoen; hier beleef ons vandag weer 'n groot stap vooruit op hierdie gebied.

III Sy Ed. die Minister het ook by name klem gelê op die noodsaaklikheid van ons inmaakbedryf: ons staan vandag in die tydperk van blikkieskos. Deur inmaak, deur behoorlike behandeling en verpakking van sekere produkte in blikkies, word dit moontlik gemaak om voedselvoorrade reeds na die onherbergsaamste dele van die wêreld te bring, en om dit lank te bewaar. Elke huisvrou het ook seker al baie ervaring van blikkiesoopmaak; daar is vandag nagenoeg geen huisvrou meer wat sonder die blikkies kan klaarkom nie.
Ek was getref deur 'n toespraak op 'n troue. Heildronk op

bruid - o.a. sy onderneem 'n groot taak: sy sal in die loop van haar getroude lewe normaalweg omtrent 35,000 blikkies moet oopmaak! Dit ly geen twyfel nie dat, in die tyd waarin ons leef, ingemaakte voedsel van enorme groot waarde geword het. Ons dink maar net aan sekere syfers wat die Minister genoem het, t.w. dat verlede jaar, volgens raming, ingemaakte vrugte en groente ter waarde van meer as £20,000,000 in ons land geproduseer is, en dat 'n groot gedeelte hiervan - ter waarde van ongeveer £12,000,000 - uitgevoer is. Stellenbosch is dankbaar dat hy geroepe is om die groot vraagstukke, wat nog hieraan verbonde is, aan te pak. Die Universiteit van Stellenbosch vertrou dat hy, saam met die W.P. Vrugtenavorsingstasie en die S.E. Landboukollege, die jong manne sal kan lewer wat Suid-Afrika nog verder op hierdie terrein sal kan dien.

IV Sy Ed. die Minister het ook na die finansiering van die Gebou vir Voedseltegnologie verwys, en melding daarvan gemaak dat die <u>Wright en Davis-fonds</u> tot stand gekom het. Aandeel van dr. R.W. Wilcocks en dr. M.S. du Toit. Die Universiteit het 'n skenking van £15,000 gekry, en Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap het £-vir-£ bygedra. Uit wat die Minister gesê het, het ek - en seker u almal ook - afgelei dat die £-vir-£ bydrae 'n baie goeie ding was. Die Universiteit het egter in werklikheid £18,500 bygedra, maar die Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap het, tot nou toe altans, nog net op £15,000 'n £-vir-£ bydrae gegee. Ek kom dus tot die gevolgtrekking dat hulle my nog £3,500 skuld! Hiervoor gaan ek hulle van aanspreek, en ek weet ek sal die Minister van Landbou aan my kant hê!

Die Minister het verskeie skenkers en ander weldoeners genoem, en welverdiende dank en hulde aan hulle toegebring. Ons sluit ons van harte daarby aan.

Dit is egter 'n feit dat ons vandag nog 'n hele paar duisend

pond kortkom om Voedseltegnologie behoorlik toe te rus en die gebou te voltooi. Ons wil hê ons vriende moet dit maar in hulle ore knoop! Ek wil hier graag besondere dank en waardering betuig aan die Vissery Ontwikkelingskorporasie wat ons nie so lank gelede nie ook 'n mooi skenking van £1,000 gegee het. Ons vertrou dat die nog ontbrekende paar duisend pond ook weldra gevind sal word - veral as vriende van die Universiteit en ons landbou vandag nou hier sien wat reeds met geskente gelde bereik is!

V Sy Ed. die Minister het ook gepraat oor die goeie samewerking tussen die Universiteit en die twee landbou-inrigtings op Stellenbosch. Hy was ook so vriendelik om waardering uit te spreek vir die aandeel wat die Universiteit gehad het aan die totstandkoming van sommige van hierdie geboue.
Ons is bly hy het dit genoem. Ons kan hom die versekering gee dat dit ons opregte strewe is om hierdie samewerking so heg moontlik te maak, en dit so sterk moontlik uit te bou. Hier op Stellenbosch het vandag al 'n ietwat sonderlinge situasie ontstaan. Dit is nie meer altyd so maklik om in ons groot verskeidenheid van aktiwiteite 'n skeidslyn te trek tussen die werk van die Universiteit, die werk van die W.P. Vrugtenavorsingstasie, en die werk van die Stellenbosch-Elsenburgse Landboukollege van die Universiteit. Neem bv. die baanbrekende werk wat onlangs hier gedoen is in verband met die bereiding van 'n gaar mieliemeel wat onmiddellik vir gebruik gereed is, en wat ook deur die Minister genoem is. Die senior student wat hieraan gewerk het, was 'n M.Sc.-student van die Universiteit. Die dosente van wie hy onderrig en leiding ontvang het, was amptenare van die Departement van Landbou. Die materiale en apparate wat hy gebruik het, is grotendeels verkry deur die goedgesindheid van vriende van die Universiteit en die Departement. Die graad wat hy op die end ontvang het, is 'n graad van die Universiteit. 'n Mens kan die samewerking nie beter geïllustreer sien as juis in hierdie

geval nie. Hierdie samewerking wil ons uitbou en nog veel hegter en groter maak. Ons kan nie tyd verloor met allerhande klein tegniese of teoretiese vrae nie, soos wie se verantwoordelikheid is dit of dat, maar ons moet voortgaan, ons moet almal saam skouer aan die wiel sit. Want 'n groot taak lê voor: om die mense van Suid-Afrika te voed, en om die produkte van ons bodem op die markte van die groot wêreld daarbuite te bring.

VI Dank aan Minister vir sy woorde, en vir alles wat hy vir ons land gedoen het. Ons het met weemoed van sy besluit verneem, nl. dat hy na die eersvolgende verkiesing nie verder vir ons landsbestuur beskikbaar sal wees nie.

Ons weet hy het ons landbou met insig en helderheid van gees bestuur; ons weet hy het in die jare, wat hy aan die roer van ons landbou gestaan het, veel van blywende waarde tot stand gebring; ons weet boewal dat, wat hy vir ons landbou gedoen het, hy dit met ernstige toewyding en met diepe liefde gedoen het. Namens die Universiteit van Stellenbosch: Baie dankie daarvoor.

Mag u besoek aan Stellenbosch, en mag hierdie gebeurtenis, tot in lengte van dae vir u 'n aangename herinnering bly.